SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 28-Dec-2004
Topic: 25
Ref No: 6162
1
ID: 03166798-01
Source Page: 8

# Staat ondermyn kritiese denke

## Studente-werk lyk voortreflik – buiten die inhoud



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Een van die min restaurante in Pretoria wat vroeg genoeg oopmaak vir 'n sake-ontbyt is Cappucino's in Brooklyn.

Ek bestel iets op die spyskaart en toe nog iets wat nie op die spyskaart is nie: 'n hardgekookte eier.

Die kelnerin was vasbeslote: So iets kan nie gedoen word nie. Ek deel haar toe op 'n gemaak ernstige, didaktiese wyse mee dat 'n mens tog mos net twee dinge nodig het: kookwater en 'n eier. Sy roep die bestuurder. Dié het 'n ietwat verskillende boodskap: "Dit sal die kombuis ontwrig."

Ek is nuuskierig om uit te vind presies hoe die gooi van 'n eier in kookwater enigiets kan ontwrig, waarop hy van rat verwissel. "Nou goed. Ek sal vir jou 'n hardgekookte eier laat voorberei, want ons is nie besig nie. Maar ons sal nie volgende keer weer vir jou 'n hardgekookte eier kan voorberei nie." Ek stel dit toe dat hierdie waarskynlik my laaste besoek is.

Sowat 30 minute later maak my bord sy verskyning . . . met twee snye roosterbrood en 'n eier. Sonkant bo! Ek stuur dit terug kombuis toe.

Ek het al soveel soortgelyke ervarings in Suid-Afrika gehad dat sulke voorvalle my werklikwaar nie eens meer ontstel nie. Dit verskaf nietemin insig in 'n onderwysstelsel wat jeugdiges oplei om reëls na te volg, hoe onlogies die reëls ook al is.

Soos om in lang toue te staan en wag sonder om ooit te vra waarom die tou 40 minute lank nie beweeg nie. Om 'n restaurantspyskaart te aanvaar as iets onbuigsaam en onbeweeglik. Geen wonder ons wen nooit die Nobelprys vir fisika, chemie of biologie nie.

Ek het nog nooit gehoor van enigeen wat hierdie pryse gewen het op grond van die slaafse navolging van die gepubliseerde handboek of die nabootsing van gevestigde algoritmes nie. Die kreatiewe prikkel stel immers die eis van 'n bereidwilligheid om reëls te verbreek, om onbekende paaie te betree.

Een van die dinge in verband met my studente wat uit Suid-Afrikaanse skole afkomstig is wat my verbyster, is hoe ongelooflik netjies hul werk is. Die eksterne vorm en aanbieding van 'n werkopdrag lyk foutloos: briljant en pragtig, netjies; voortreflik georden – totdat jy die inhoud lees.

Dit is vir ons demokrasie gevaarlik – nie die netjiese aanbieding nie, maar die feit dat dit ten koste van die generering van idees geskied. Ons studente verwar vorm met substansie. Geen wonder nie dat hulle eerder sal vra hoe lank die werkopdrag moet wees as na watter idees gesoek word.

Die openbare optrede van landsburgers onthul baie van hul onderwysstelsel. Die enigste manier om te verduidelik hoe dit is dat Amerikaanse burgers so roekeloos in die wêreld kan optree, is om hul onderwysstelsel te beskou as iets volkome etnosentries; een wat gewoon aanvaar dat die wêreld die VSA is. Hoe anders verduidelik jy dit dat 'n eens populêre Amerikaanse liedjie uitbasuin: *We are the world*?

Hul opvoeding is eilandagtig en selfgesentreerd – wat ook sommer verduidelik waarom die feit dat hulle besig is om een van die wêreld se oudste beskawings uit te wis kwalik 'n opskudding veroorsaak.

Nader aan 't huis kon ek uitkomsgerigte onderrig (UGO) nog nooit verstaan nie. Een van die mees uitstaande kenmerke van UGO is immers dat dit leerlinge aanmoedig om kritiese denkers te wees. Maar waarom sou 'n regering wat vasbeslote is om oorspronklike en kritiese denke te onderdruk landsburgers wil lewer wat kritiese denkers is?

Pres. Thabo Mbeki se antwoord aan aartsbiskop Desmond Tutu is bloot die sigbaarste voorbeeld van wat gebeur met mense wat optree soos kritiese landsburgers. Dit gebeur gereeld – intellektuele wat gekasty of daarvan weerhou word om bydraes te lewer omdat hulle gewaag het om 'n regeringsdaad te bevraagteken; vakbondlede wat belaster word omdat hulle dit waag om 'n onafhanklike standpunt oor ons beleid jeens Zimbabwe in te neem. Ons beskik oor 'n kurrikulum wat een ding predik (kritiese denke) en 'n regering wat juis dit ondermyn.

Waaroor ek werklik bekommerd is, is wat ons kinders leer uit volwasse gedrag van wat toepaslik is om te sê, doen of selfs dink.

Wat my bekommer, is watter soort samelewing ons skep wanneer ons diegene afwys wat vrae vra of beswaar aanteken. Wat my pla, is watter soort samelewing my kleinkinders sal erf – dit, terwyl die een waaroor ons beskik juis teen so 'n groot prys gewen is.

U sien, dit gaan hoegenaamd nie oor die hardgekookte eier nie. Dit gaan oor hardgekookte mense en 'n onderwysstelsel wat sulke outomate lewer.

Terloops, omelette is veel smaakliker – maak egter net seker dit is op die spyskaart!

■ *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*